

# Gebedsbrief

*… een in liefde, een van hart, een in strewe*




## Indien u betrokke wil raak

Indien die Here dit op u hart lê en u graag by Adullam Sending se projekte betrokke wil raak, is u welkom om ons te kontak. Adullam-kantoor: Tel (017) 689 2001 / 4 of E-pos: adullamaca@secunda.co.za. Die Here seën u!

## Die Lewe wat God Behaag

Die pas afgelope Paasnaweek het ons die voorreg gehad om te vergader rondom die tema: die **lewe** wat die Here behaag.

**Daar het sulke wonderlike sake na vore gekom dat ek hier en daar iets met julle wil deel.**

### Genade en Waarheid

Die Here se begeerte is dat ons in genade en waarheid moet groei. Indien 'n baba nie groei nie, is daar iets fout. Die oorsaak kan waarskynlik siekte of 'n ander probleem wees. Net so, is daar geestelik 'n probleem as ons nie groei nie. Sonde kan ook moontlik 'n oorsaak wees. Hoe gaan dit met jou geestelike groei?

### Totale Afhanklikheid

Die Here vind vreugde daarin wanneer ons in álles van Hom afhanklik is. As ons, ons deur Sy Woord en Gees laat lei. Is dit die geval, of vind ons dit net nodig om Sy leiding te soek waar ons geen raad (meer) het nie?

### Gebrokenheid

Die Here vind ook vreugde daarin wanneer ons gebroke is. Ons moet, soos 'n lyk wat nie op enige iets reageer nie, dood wees. Die Here moet net déúr ons lewe. Hy het vir ons aan die kruis gesterf, maar Hy wil dat ons óók sterf. Indien ons na die kruis kyk, moet ons **twee** dinge besef - eerstens dat Hy **vir ons** gesterf het. En tweedens, dat ons ook **saam met Hom** moet sterf. Eers dan het die kruis wérklik in ons lewe gewerk.

### Vrugbaarheid

Die begeerte van die Here is dat ons véél vrug sal dra. Ons moet nie vlak grond, sonder wortels wees nie; dan sterf ons gou geestelik. Ook moet ons nie toelaat dat die begeertes van die lewe, plesier, rykdom en sorge ons oorheers nie. Om die Here te behaag, moet ons diep grond wat veel vrug tot eer van God dra, wees. Hoe vrugbaar is jou lewe vir die Here?

Asa het gedoen wat reg was in die oë van die Here en die Here het vir hom wonderlike oorwinnings gegee. Later in sy lewe het hy egter sy eie planne gemaak en geskenke vir Aram gestuur. Die Here kon toe nie vir hom die oorwinning oor sy vyand gee nie. Hulle het wel die saak op die kort termyn beredder, maar dit het nie die Heer se seën weggedra nie.

Hoe baie keer vertrou ons sóms op die Here, maar ander kere op onsself. Só 'n tipe lewe behaag nie die Here nie.



**Mag die Here ons genadig wees sodat ons Hom in álles kan behaag.**

*Japie Malan*
**Adullam Sending**

# Adullam Paaskonferensie 2010

Ons was bevoorreg om 'n besondere Paaskonferensie onder die tema: "'n Lewe wat God behaag", te kon aanbied. Boodskappe was leersaam, bemoedigend en is in 'n praktiese manier gedeel.

Soos elke jaar, is die Konferensie ook deur jeuggroepe (vanaf vyftien jaar +), bygewoon.

Die Woord is op 'n kosbare manier deur die volgende sprekers gedeel -

Anton van der Merwe
Kwazulu Natal

Hennie Boshoff
Pretoria

Herman Nieuwoudt
Citrusdal

## DIENSTE OP CD

**Paaskonferensie**
**Boodskappe**
is beskibaar in die volgende formate:

**MP3 @ R 15.00 of Enkel CD's @ R 15.00**

**KONTAK PERSONE**

**Dirk Bezuidenhout**
**083 660 0498**

**Leon Coetzee**
**082 397 5730**



Graag wil ons u nooi om die dienste in CD of MP3 formaat te bestel. U is ook welkom om ekstra kopieë te bestel. Die CD's en MP3's is 'n wonderlike manier om die evangelie te deel met ander. Alle dienste is in Engels met tolking in Zulu.

**Gebedsversoeke**

**Die Woord wat hierdie naweek gedeel is, werklik in goeie grond geval het en 'n veelvuldige opbrengs sal gee**
**Elke hoorder 'n dader sal word**
**Die koningkryk in krag en in waarheid sal kom!**

# Ons kry 'n Bus!





'n Bus was 'n groot behoefte vir die Sending en ons het konstant vir die Here gevra om vir ons 'n bus te voorsien.

Aan die begin van die jaar is hierdie gebed beantwoord, en het die Here vir ons 'n bus met 65 sitplekke gegee. Díe skenking verlig die vervoernood wat ons met soveel skooluitstappies, sportgeleenthede, jeugkampe en ander offisieële geleenthede, ondervind het.

In hierdie tydperk het die Here ook vir ons 'n motorwerktuigkundige gestuur wat met die nodige papierwerk en padwaardigheidstoetsing kon help. Ons is baie dankbaar dat die bus nou finaal as Adullam eiendom, geregistreer is. Ook is ons opgewonde om te kan deel dat ons Heer 'n Heer van detail is - die nuwe bus is selfs in die korporatiewe kleure van ons Sendingskool, Adullam Christian Academy, geverf: koningsblou, rooi en geel!

**Gebedsversoeke**

**Hierdie geskenk 'n kosbare getuienis van God se getroue voorsiening - tot in die kleinste besonderheid - vir elkeen van ons sal wees. Dankbaarheid en oppassendheid vir wat God vir ons gee. Elke geleentheid waar die bus gebruik sal word, tot ons Heer se eer sal wees!**



BAIE DANKIE
aan elkeen wat saai in die Koningkryk van JESUS - in watter vorm ook al
'n opregte hart
is dít wat die verskil maak!


# 'n Splinternuwe Kombuis

Nog 'n getuienis van gebedsverhoring en ons Vader se getrouheid, is die opgradering van ons Sendingkombuis. Ons was bevoorreg om die nuwe kombuis en opgegradeerde fasiliteite met ons onlangse Paaskonferensie (1 - 4 April), te kon inwy. Wat 'n seën was dit nie! Graag deel ons die areas van opgradering en foto's met u -

| AREA | BESONDERHEDE | FOTO'S |
| --- | --- | --- |
| • **GASSTOOF** | sewe plate | **A** |
| • **EXTRACTORHOOD** | haal warm lug van gasstowe uit die kombuis | **B** |
| • **KOELKAMER** | is in gebruik - baie dankbaar daarvoor | **C** |
| • **VRIESKAMER** | **benodig nog 'n compressor vir die vrieskamer*** | **C** |
| • **ROLDEURE** | vir sekuriteitsdoeleindes is vyf roldeure aangebring | **D** |
| • **OPDIEN AREA** | twee opdien areas met granietblaaie vergemaklik die vloei van opdien | **E** |
| • **BEKERS en BORDE** | nuut | **FG** |
| • **GREASE TRAP** | alle soliedes word opgevang en grys water word afgevoer na french drain | **H** |
| • **SPENS** | toesluit spens met rakke wat inventaris en beplanning baie vergemaklik | **I** |

- **INDUSTRIËLE SKOTTELGOEDWASSER & INDUSTRIËLE AFDROOGRAKKE word nog benodig***




















**Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.**
**Filippense 4:6**

# Boerdery Aktiwiteite



## Baal

**Ons is dankbaar vir opbrengs en vordering** met die baling sover. Daar is nog baie wat gedoen moet word, maar die Here is getrou in Sy voorsiening van tyd en krag vir die werk wat gedoen moet word!

## Vee

**Kalf en lamtyd!** Die lammertjies en kalfies wat gebore word is gesond en sterk.




## Melkery

**Afset van melk** is baie goed. Ons is dankbaar vir al die verkope.

**Gebedsversoek**

**Beskerming van melkverkopers gedurende verkope**

*Johan Fourie*
**Veeboerdery**



# Kweekhuisprojek

Ons gaan dv binnekort met die winterverbouing begin. Die stadige groei van die tamatie saailinge, glo ons is toe te skryf aan die koue weer en bewolkdheid die afgelope tyd.

**Gebedsversoeke**

**Beskerming van plantjies teen koue en siektes**
**'n Konstante afsetgebied en goeie produksie**
**Teen diefstal**
**Dankbaarheid vir getroue en toegewyde werkers**

*Johan Steenkamp*
**Kweekhuisprojek**

# Gebedsnood vir Voorskoolse Bediening

Tans word 'n groot aanslag teen ons Christen kleuterskole in die informele nedersettings beleef. Die feit dat die Departement van Onderwys nie werklik die rol van Christen (kleuter)skole erken en as toekomsgerig sien nie, plaas baie druk op bestaande skole. Slegs toegewyde personeel kan teen sodanige emosionele druk staande bly. Onder druk, kan onderwysers maklik enige iets anders as groener weiveld sien.

**Gebedsversoeke**

**Geroepe, oortuigde en doelgerigte skoolpersoneel wat standvastig en in geloof, staande kan bly onder druk**
**Finansies om dit vir ons moontlik te maak om kleuterskoolpersoneel beter finansieël te kan bystaan**

**Net 'n Gedagte: Jy kan nie 'n perfekte dag beleef sonder om iets vir iemand te doen wat jou nooit daarvoor sal kan vergoed nie**





Gebedsbrief

*... een in liefde, een van hart, een in strewe*

**Adullam Sending Posbus 7077 Secunda 2302 Mpumalanga Suid-Afrika**